ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Julie/July 2020

# VERPLIGTING

'n VERPLIGTING ....

is iets wat aan jou opgedra is en uitgevoer moet word.
Eksodus handel dan ook oor die bepalings vir die goeie orde in die samelewing. Wette, regulasies en reëls bestaan dus reeds van die bybel se tyd af en is nie iets wat deur NDZ uitgedink is nie.

Ek is VERPLIG om: (MOET)

- Die reëls te gehoorsaam en masker te dra in die openbaar; om gereeld hande te was; om sosiale afstand te handhaaf en om sover moontlik tuis te bly. Nie net omdat ek myself wil beskerm teen moontlike infeksie nie, maar ook omdat ek my naaste liefhet en bekommerd is oor hulle gesondheid.
- Soggens teen 'n redelike uur op te staan, te stort en aan te trek–al is ek alleen in my huis en sien niemand my mooi rokkie raak nie.
- Blymoedig my dagtake te verrig, want ek het nog 'n huis en ek het nog dagtake, al vat dit my lank om dit af te handel (ek maak net een vertrek per dag skoon);
- Om te sien na my eie liggaamlike gesondheid deur voedsaam te eet, genoeg vloeistof in te neem en gereeld te oefen. Jy hoef nie soggens 6-uur al te begin stap nie, maar teen 9-uur is die ergste byt al uit die koue uit (behalwe as jy wil oefen vir 2021 se Comrades). Dankie tog, nou kan ons enige tyd van die dag gaan stap, en sommer driemaal 'n dag as ek lus het.
- Aandag te gee aan my eie geestelike welsyn. Ek hoef nie in 'n kerkgebou te gaan sit om die lewende woord te ervaar nie. Of ek nou lees in Solly, Riekert Botha, Nina Smit of Christina Landman se boeke, of die Bybel, kan ek ook oor die radio luister en op televisie kyk na oggendoordenkings of ander geloofsboodskappe.
- Daagliks te bid, nie net vir my geliefdes se gesondheid nie, maar ook vir my naaste.

# Wyse woorde uit “Spertyd”

Elsa Joubert se Spertyd was grootliks ’n poging om vir haarself duidelik te maak wat is aan die gebeur, al die dinge wat op haar afkom. Op 95 in haar kamer in die Aftree-oord, het sy met hierdie boek die krakerige deur na ons almal se afloop en eindbestemming ge-olie en oopgestoot.

Hier volg sommige frases uit die boek:

- Ek is nie versadig van die lewe nie, as ek soggens wakker word, is daar altyd nog iets wat ek wil doen, nog woorde om mee te speel..
- Oudword is nie ’n bewuste aflê van dinge nie, jy word stadig ingelyf daarin. Jou liggaam begin jou kniehalter, hy wil nie meer nie, hy's nie langer lus vir goed nie. Dit raak ’n bodderasie. En die kop….Eers begin jy woorde vergeet, en dis lastig. Dan begin jy gedagtes vergeet, en dis fataal. Want ’n verlore gedagte kom nooit terug nie, dit los ’n swart gat in jou kop.
- Miskien staan die gedagtes in my boekie opgeskryf as ek eendag Anderkant aankom. As ek kan orders gee, sal ek net vra–’n notaboekie aan die Anderkant. Asseblief. En ’n pen, sommer ’n Bic.
  *“ Ek sien elke dag uit my venster die wonderlike geweld van ’n stukkie groen wat deur die dik bas stoot, onverhoeds hom oopvou en onhoorbare flapgeluide in die wind maak”*
- *Bewerk die klein erfie wat jou toebedeel is, en alles sal daarmee saamkom.*
- *Soms word dit moeilik om te besef jy staan nie meer in die hoofstroom nie. Jy het jou kans gehad. Dis verby.*

(Elsa Joubert is op 97-jarige ouderdom op 14 Junie 2020 oorlede)

---

# Uit My Woordeboek: GEE

-Volgens die Verklarende woordeboek beteken gee:
ter beskikking stel, en WIE GOU GEE, GEE DUBBEL:
maw ’n bydrae wat gou kom, het dubbele waarde.

-Gaan jy gedurende hierdie inperkingstyd dubbel gee?
Of gaan jy wag tot iemand eers vir jou iets gee?

Spr. 4:23: *Met watter soort hart gaan jy vandag lewe:*
*–'n hart wat wil gee, of 'n hart wat net wil vat;*
*–’n hart wat liefde wil gee, of, ten koste van ander mense, net wil kry wat dit wil hê.*

1. **HOW LONG CAN THE NEW CORONAVIRUS LIVE ON SURFACES?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Paper /tissue paper | 3 hours | Copper | 4 hours |
| Cardboard | 24 hours | Wood | 2 days |
| Cloth (any) | 2 days | Stainless steel. | 2-3 days |
| Plastic. | 3 days | Glass. | 4 day |
| Paper money | 4 days | Outside of surgical masks. | 7 days |

[***Source: New England Journal of Medicine***]

2. **ATTACK:** As any virus easily attacks people with a low/poor immune-system and people with co-morbidities (high blood pressure, diabetes, asthma, or any elderly people above 60, it will be best to BE SAFE THAN SORRY. Get enough sleep, eat healthy, keep walking in the fresh air (any time of the day now) and get at least 15 minutes of sunshine on your skin daily for the vitamin D.

3. **HINTS:**

❍ Stay away from groups of people like in shops. The staff are coming to work with public transport and we know a few million of people use public transport now daily.

❍ After the mines opened in May, hundreds of miners got infected because they did not abide by social distancing in the mines.

❍ Do not have a false sense of security because the infection rate are relatively low. Millions of people are not going to be tested, because of a lack of testing materials.

❍ Do not go to the shops because you have nothing to do. My neighbour said she went to the shops daily just to get out. Rather go for a walk around the apartments.

❍ If you bring the virus into the Estate, you are endangering more than 600 people here. Remember, if you are not infected, you can be a carrier.

4. **HINTS:** What to do after exposure to the outside world:

If you had to go to a pharmacy or shop or elsewhere, when you reach home, do the following:

❍ Take off your shoes outside and sanitise, or step on a disinfecting mat

❍ Take off your face mask and clothes, and put it in the washing machine.

❍ Sanitise your handbag

❍ Take a shower and wash your hair.

❍ Sanitise the outside of your shopping bags.

❍ Sanitise or clean all your purchases before putting it away.

❍ Use a surface disinfectant on your kitchen surfaces.

5. Sanitise your hands again with an organic sanitiser.

***NOW YOU ARE READY FOR YOUR CUP OF TEA AND SLICE OF CAKE!***

# What are we doing in



Direksie
hou vergadering



Stormwaterkanaal
word skoongemaak
vir die somer



## Lapmaskers



Charlotte

Die effektiwiteit van lapmaskers vir die ondeurlaatbaarheid van die virus is soos volg:

- Chirurgiese maskers 89%
- Stofsuiersak 86
- Vadoek 74
- Katoenmengsel 70
- Linne 62
- Kussingsloop 57
- Sy 54
- T-hemp (katoen) 51
- Serp 49

# Eldoraigne Retirement Estate?



JD ry fiets



Baby en Saartjie



Die koue in
die tuinslange




Mia, kleindogter van Les en Rae



Piet se vuurpyle



Derek

# Landgoedsake

1. **Honde:** Na verskeie klagtes ontvang is van inwoners, doen ons weer ’n beroep op honde-eienaars om u hondemis op te tel wanneer u gaan stap. Indien inwoners bewyse indien (foto's) van honde-eienaars wat nie by die reëls hou nie, kan begin word met die boetestelsel aan skuldiges.
Honde-eienaars word dringend versoek om nie selfsugtig te wees nie.

2. **Waterverbruik:** Weens die damvlakke wat al hoe laer word, en die uitermatige hoë waterverbruik deur eienaars, word u weereens versoek om spaarsaam met ons kosbare water te werk, en ook so-doende die wateruitgawes te verminder.

3.**Tuinwerkers:**
– Inwoners moet asb onthou dat enige blombedding wat deur uself aangeplant is, noord of suid van u huis, geag te word ’n privaatbedding te wees.
Die tuinwerkers sal dus nie u onkruid verwyder nie.
– Omdat geen onkruid verwyder is vanaf die begin van die inperkingsperiode in Maart nie, doen die tuinwerkers nou as ’n groep onkruidverwydering in die parke, strate en groot gemeenskaplike areas, volgens ’n geskrewe program.
– Omdat ons vir u gesondheid omgee, sal die permanente tuinwerkers nie tans(wintertyd) in u erf kom nie. Slegs die grassnyspan wat die gras elke twee/drie weke sny, volgens die winterprogram, sal toegelaat word.
– Inwoners word weereens versoek om nie opdragte aan die tuinwerkers of toesighouers te gee nie.

# Wat is die verskil?

**'Noodtoestand /
State Of Emergency**

is ’n toestand van groot nood of gevaar. Die President verklaar ’n Noodtoestand indien die veiligheid van die land in gevaar is, wat dan sekere regte van Suid-Afrikaners opskort tot en met die gevaar verby is. Na ’n maand of so moet dit bekragtig word deur die Nasionale Vergadering en dan moet dit vir elke termyn daarna weer hernu word deur die Parlement self. Die Parlement het meer toesig/oorsig oor ’n noodtoestand as oor ’n ramptoestand.

**'Ramptoestand/ Disaster/Catastrophe**

Is ’n ramp (droogte/vloed) of groot ongeluk. Die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele sake verklaar ’n Ramptoestand, weens ’n katastrofe, bv ’n droogte of pandemie. Geen regte word in so ’n geval ontneem nie, maar streng regulasies word in plek gestel om die ramp te bestuur.

– ’n Ramptoestand kan vir die eerste 3 maande afgekondig word, waarna dit verstryk, maar kan elke maand hernu word, solank die ramptoestand voortduur.

***[The Disaster Management Act 57 of 2002, was published in the Government Gazette nr 24252 on 15 January 2003]***

In die verlede was al verskeie ramptoestande verklaar, maar sedert die aanvang van demokrasie , was daar nog nie ’n noodtoestand afgekondig nie. In Julie 1985 was ’n gedeeltelike noodtoestand verklaar deur PW Botha in 36 landdros-distrikte, na die styging in geweldadige weerstand teen apartheid.

# Newsletter: Distribution for 2020

***1. Due to Covid-19, newsletters will not be distributed by block leaders to units for the rest of the year.***

2. **Newsletters will be emailed to 233 units** with email addresses and the 180 units without email addresses, will receive their newsletters as follows:

**3. Hand delivery to the following 113 apartments:**

| Block | Apartment Numbers | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 21 | 1002 | 1003 | 1004 | 1005 | 1006 | 1007 | 1008 | 1009 | 1010 | |
| 22 | 1011 | 1014 | 1015 | 1016 | | | | | | |
| 23 | 1023 | 1024 | 1025 | 1026 | 1029 | 1030 | 1031 | | | |
| 24 | 1101 | 1104 | 1105 | 1106 | 1107 | 1108 | 1109 | 1110 | | |
| 25 | 1111 | 1112 | 1114 | 1115 | 1116 | 1117 | 1118 | 1119 | 1120 | |
| 26 | 1121 | 1122 | 1123 | 1124 | 1126 | 1127 | 1128 | 1129 | 1130 | 1131 |
| 27 | 1132 | 1133 | 1134 | 1135 | 1136 | 1137 | 1138 | 1139 | 1140 | |
| 28 | 1204 | 1205 | 1206 | 1207 | 1209 | 1210 | | | | |
| 29 | 1211 | 1213 | 1214 | 1215 | 1216 | 1218 | 1220 | | | |
| 30 | 1221 | 1222 | 1224 | 1225 | 1226 | 1228 | 1231 | | | |
| 31 | 1233 | 1234 | 1235 | 1236 | 1237 | 1238 | 1239 | 1241 | | |
| 32 | 1302 | 1303 | 1304 | 1307 | 1310 | | | | | |
| 33 | 1312 | 1314 | 1315 | 1317 | 1319 | 1320 | | | | |
| 34 | 1322 | 1323 | 1324 | 1325 | 1327 | 1328 | 1329 | 1330 | 1331 | |
| 35 | 1332 | 1334 | 1335 | 1336 | 1337 | 1338 | 1339 | 1340 | 1341 | |

**4. The following 67 houses will receive their newsletters in their postboxes at reception:**

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 7 | 9 | 10 | 13 | 14 | 22 | 23 | 26 | 28 | 40 | 45 | 48 | 50 | 53 |
| 65 | 69 | 70 | 71 | 74 | 80 | 82 | 83 | 85 | 91 | 93 | 94 | 95 | 109 | 110 |
| 111 | 118 | 119 | 122 | 124 | 127 | 130 | 131 | 140 | 151 | 153 | 154 | 156 | 157 | 159 |
| 163 | 164 | 172 | 174 | 178 | 180 | 183 | 194 | 197 | 199 | 202 | 209 | 214 | 219 | 220 |
| 221 | 226 | 244 | 249 | 250 | 260 | 262 | | | | | | | | |

5. If you do not receive the newsletter by email, because you do not have a computer and the email address belongs to your children (owner), please inform reception if you wish to receive a printed copy of the newsletter.

6. All April newsletters were placed in the postboxes.

7.For May and July the above process were followed.

8.If you wish to make a contribution to the newsletter, please send in the contribution to the editor at inamills@absamail.co.za in Word format, or in JPG.

Advertensie Advertisement

# Eldoraigne NUTSMAN

Ons bied die volgende dienste / We offer the following services:


- Algemene instandhouding van woning / Upkeeping of property;
- Loodgieterswerk (uitsluitend geysers)/Plumbing work (excluding geyser);
- Vervanging van gloeilampe met LED vir kostebesparing / Replacement of lightbulbs (LED);
- Was van vensters, vensterrame en vensterbanke/Window and window frame cleaning;
- Was van ligskerms / Washing of light features;
- Installasie van UPS (ononderbroke kragtoevoer) eenhede vir bystandkrag gedurende kragonderbrekings / Installation of Uninterrupted power supply to your essential items during loadshedding;
- Geringe motorhersteldienste / General servicing of vehicles; (pap batterye ens)

**Kontak / Contact Tommie Koegelenberg Eenheid/unit 142**
**of/or 072 493 6297 vir 'n gratis kwotasie / for a free quotation**

# Termometer-lesings

Verskillende termometerlesings op een dag is moontlik, en kan deur verskillende dinge veroorsaak word wat die akkuraatheid van die lesing kan beinvloed:

- ✦ direkte sonlig
- ✦ nat en gesweet
- ✦ haarlose area
- ✦ droë voorkop
- ✦ koue wind of lugreëling
- ✦ afstand van termometer vanaf die voorkop (slegs 3-5 cm) is die korrekte lesing



Advertensie Advertisement




Advertensie Advertisement